# Les 21 DIE HERE HET VIR ONS TER HELLE NEERGEDAAL

## 1. Geloofstaal vir wat Jesus vir ons doen

Ons bely Sondae in die eredienste van die kerk, ons geloof in God. Hierdie geloofsbelydenis klink só:

### Die Apostoliese Geloofsbelydenis in die evangelie

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; |
| Artikel 2: | en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |
| Artikel 3: | wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; |
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek glo in die Heilige Gees; |
| Artikel 9: | ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; |
| Artikel 10: | die vergewing van sondes; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en 'n ewige lewe. |

Julle sal sien dat ons tot dusver gekyk het na alles wat in hierdie geloofsbelydenis oor Jesus bely word: Jesus is vir ons gebore, Hy maak ons heilig sonder smet en onberispelik; Jesus het vir ons gely, ons word nie veroordeel nie; Jesus is vir ons gekruisig, God is altyd goed vir ons; Jesus het vir ons sonde gesterf, ons is altyd onskuldig voor God; en Jesus is vir ons sondes begrawe, God is ons vriend en nie ons vyand nie.

Wat volg in hierdie geloofsbelydenis na "Jesus is vir ons begrawe"? Dit is "Jesus het vir ons 'ter helle neergedaal' ". Hierdie woorde "Jesus het vir ons ter helle neergedaal", is geloofstaal. Dit is nie woorde wat net so in die Bybel staan nie. Dit is woorde wat sê wat betéken die woorde wat in die Bybel staan.

## 2. Geloofstaal vir Jesus se woorde aan die kruis

Jesus het aan die kruis gesê: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?*" Verlede keer het ons gesien dat hierdie woorde die eerste woorde is van Psalm 22, wat die Jode in hulle tempel gesing het. Dit is ook die woorde van Psalm 22 in ons eie liedboek.

Die woorde in ons geloofsbelydenis: *"Jesus het ter helle neergedaal",* is geloofstaal vir hierdie woorde van Jesus aan die kruis: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"*

Dit wys ons dat wat met Jesus gebeur as Hy aan die kruis sê: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"*, is dat Jesus vir ons ter helle neerdaal.

**3. Jesus word aan die haat van mense oorgegee**

Jesus wys dat die Vader Hom verlaat het. 'Verlaat' beteken nie dat God die Vader weggegaan het en dat Jesus nou alleen is nie. 'Verlaat' beteken iets baie, baie erger. Jesus wys wat 'verlaat' beteken in Matteus 26:

*"44 Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê.*
*45 Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: "Slaap en rus julle nog?* ***Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee.*** *46 Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier naby."*

'Verlaat' beteken dat God die Vader Jesus oorgee aan sondaars. Hierdie sondaars haat Jesus en hulle wil hom vernietig en enigiets aan Hom doen om te wys Hy is verwerplik. En God die Vader gee Jesus oor aan hulle om Hom te mag haat en alles met Hom te mag doen wat hulle in hulle haat met Jesus wil doen.

**4. Verlaat beteken om verwerp te word**

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat wys wat beteken dit om verlaat te word. As jy en jou pa saam gaan visvang en jy val oor die boot se kant in die water en jy kan nie swem nie, wat gaan gebeur? Jou pa is by jou, en hy gaan jou help. Jou pa sa jou nooit verlaat in jou nood en moeilikheid nie.

Wat dink julle gebeur as 'n kind van die boot afval en vir sy pa roep om hom te help, en die pa sit net en kyk, maar doen niks om sy eie kind te help wat besig is om te verdrink nie?

Wat is dit? Dit is hoe 'n pa sy kind verlaat! Wanneer jy in doodsgevaar en doodsbenoudheid is en net hy kan jou help, maar hy sit en kyk hier by jou, sonder om iets te doen! Verlaat beteken om verwerp te word.

Dit is net 'n pa wat sy eie kind verwerp, wat só sal optree. Op hierdie manier wys die pa vir sy kind – ek het jou verwerp.

**5. Verwerp is om nie meer God se liefde nie, maar God se háát te kry**

Wat voel 'n pa wat kyk hoe sy eie kind verdrink en net sit en kyk en niks doen vir sy kind nie? Ons sê altyd sulke mense voel niks nie. Maar dit is nie heeltemal waar nie. Hierdie pa wat so sit en kyk en niks doen nie, voel nie niks nie. Dit is waar dat hy niks meer liefde vir sy kind voel nie. Maar 'n mens sal iemand wat verdrink nog help,

al het jy hom nie lief nie. Maar om vir jou eie kind te kyk wat verdrink en niks te doen nie, beteken dat jy vir jou eie kind net haat voel.

Verwerping beteken om iemand só te haat dat jy hierdie persoon aan haat oorgee. Kyk hoe wys die Here hoe hierdie haat werk in die woorde van die predikant Esegiël, in die Ou Testament:

*"[28]So sê die Here my God: "Ek gee jou oor in die mag van dié wat jy haat, dié in wie jy 'n weersin gekry het. [29]Hulle sal hulle haat teen jou laat geld, hulle sal alles vat waarvoor jy gewerk het en jou kaal, sonder klere los. Almal sal jou onsedelike naaktheid sien. Jou afstootlike gedrag, jou onsedelikheid [30]doen dit aan jou. Jy het in jou ontrou ander nasies nagevolg en jou met hulle afgode verontreinig. ...[32]So sê die Here my God: "Jy sal die beker drink wat jou suster moes drink, 'n diep, wye beker. Jy sal bespot en uitgelag word, want daar is baie in die beker. [33]Jy sal jou vol drink en dronk word van swaarkry; die beker wat jou suster Samaria moes drink, is 'n beker vol angs en skrik. [34]Jy sal hom leeg drink, alles opdrink, jy sal aan sy skerwe knaag, jy sal jou borste stukkend skeur. Ek, die Here, het gepraat," sê die Here my God. [35]So sê die Here my God: "Omdat jy My vergeet het en jou rug vir My gedraai het, sal jy die straf vir jou aanstootlike gedrag en jou onsedelikheid dra."* Esegiël 23.

Dit is hoe die haat van die Here werk vir mense wat God in haat verwerp en vergeet. God gee in Sy haat oor aan die haat van mense. Terwyl God by en met hulle is, doen God niks om hulle te help nie. God wil hulle aan die haat van mense oorgee om met hulle maak net wat hulle wil.

**7. Jesus is in die regte hel**

Dit is hoekom Jesus hierdie woorde gebruik aan die kruis: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* Want God die Vader is by Jesus, maar gee Hom oor aan die haat van die mense en doen niks om Jesus te help nie.

Dit is die regte hel. Die verskriklike gevoel dat God die Vader jou oorgee om gehaat te word, omdat Hy jou self moet haat. Hy kyk en doen niks vir Sy Geliefde Seun nie. Om só deur God die Vader verlaat te word, is die regte hel.

Die hel is nie 'n plek van vuur en vlamme waar die duiwel die een is wat ons seermaak en bangmaak nie. Die régte hel is die angs waarin 'n mens vasgevang word as God wat by jou teenwoordig is, jou verlaat. Wanneer Hy by en met jou is, maar jou aan Sy haat oorgee.

**8. Angs is die bangheid om verlate te wees van die liefde wat jy moes kry**

Les 21 Die Here het vir ons ter helle neergedaal

Daar is twee soorte maniere van bangwees. Die een manier van bangwees is vrees. Dit is wanneer jy bang is vir die pakslae wat jou pa jou gaan gee. Jy weet presies wat jou pa gaan doen en jy weet presies hoe seer dit gaan wees.

Maar dan is daar ’n ander manier van bangwees. Dit word angs genoem. Dit is die tipe bangheid wat ’n klein seuntjie of dogtertjie voel wat op die strand by die see rondloop, en skielik sien haar pa en ma is weg. Hierdie manier waarop ’n kleintjie skree as hy weet sy pa en ma het hom verlaat, word angs genoem.

Dit is wat die Here vir ons wys as Hy aan die kruis uitroep: *“My God, my God, waarom het U my verlaat?”* Hy wys dat Hy nou regtig daardie verskriklike angs voel omdat God die Vader by Hom is, maar net kyk en niks doen om te help nie. God die Vader behandel Jesus met die haat wat Hy het vir mense wat God haat en vergeet.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

_________________________________Handtekening: ouer of voog